
# Inhoud

## Kwartaal 4: Week 36 tot 40

**Storie 1:**

Markdag op Klaradyn ........... 2



**Storie 2:**

Die ruilwinkel ....................... 12



**Storie 3:**

Lesers en leiers .................... 22



EXTRACT PAGES

# Markdag op Klaradyn








EXTRACT PAGES

Meneer Swart kyk na die banier wat hulle hoog teen die pale opgehang het. Laerskool Klaradyn hou markdag om geld in te samel vir hulle skool. Daar is sprake dat die skool dalk gaan toemaak. Juffrou Gouws sê vir die kinders: “Kinders! Die klas wat die meeste geld maak, wen ’n uitstappie see toe. So, ons moet nou aan goeie idees vir ons markdag dink.”



EXTRACT PAGES


"Kan ons al die geld hou wat ons kry?" vra Jan Koster. "Nee, Jan," sê Juffrou, "vanjaar gee ons 'n deel van ons wins vir die skool."
Proppie steek sy hand op: "Juffrou, ek en Tim gaan draadkarre maak."
"Dis 'n goeie plan, Proppie," sê juffrou Gouws. "Onthou, niemand anders in ons groep mag nou draadkarre maak nie, anders werk ons teen mekaar."

## Laerskool Klaradyn
## Idees vir die markdag

- Pakkies met neute, rosyne en sjokoladestukkies vir vinnige peuselhappies
- Kruieplante wat in flesse groei
- Notaboeke met versierde buiteblad
- Naamplaatjies van plante om in tuinbeddings te sit
- Boekmerke
- Tuisgemaakte lekkers
- Geverfde klippe vir deurstop of tuinversierings

EXTRACT PAGES

Die tweeling in graad drie gaan biltong en droëwors in klein pakkies verkoop. “Dit is ’n goeie idee, mense is mal oor biltong,” sê juffrou Gouws. “Ek stuur ’n briefie saam huis toe met ’n paar idees, dan kan julle ouers julle daarmee help.”






EXTRACT PAGES

Vrydagmiddag vra die skoolhoof in ’n saalbyeenkoms vir die kinders: “Weet almal wat hulle gaan verkoop?” Marius steek sy hand stadig op: “Ek verkoop nie regtig iets nie.” Die skoolhoof antwoord: “Onthou Marius, jy hoef nie te produkte te verkoop nie, jy kan ook mense vermaak of speletjies laat speel om geld in te samel.” Marius kry skielik ’n blink idee vir markdag. “Onthou, ons doen die markdag vir Klaradyn, die dorp en die skool!”

Die kinders hardloop opgewonde uit. Môre is die groot dag.

Dit is uiteindelik markdag en die skool lyk baie feestelik met al die vlaggies, tafels en plakkate. Die reuk van pannekoeke en kaneelsuiker kom in die gang af. Party van die ouers drink al van die markdag se koffie.



Meneer Rust, die skoolhoof, praat oor die mikrofoon: "Baie welkom by Laerskool Klaradyn. Ek hoor hier is oumas en oupas wat van ver gekom het. Marius, laat ons hoor hoe klink julle orkes." Die luidspreker op die veld raas skielik hard met tromme wat dreun. Almal klap opgewonde saam op die maat van die orkesmusiek.



EXTRACT PAGES





EXTRACT PAGES

Toe die orkes klaar gespeel het, neem meneer Olivier die mikrofoon: “Jan Koster sê hy wil vandag Klaradyn se kampioen kroon. Die kampioen is die een wat die langste op ’n donkie se rug kan bly.” Jan en twee vriende hardloop en probeer op die donkies se rûe spring. Jan gly van die donkie af en beland op die grond.

“Nee, Jan, so gaan jy nie die kampioen word nie,” lag almal saam. Die donkie is rustig wanneer die volgende meisie op haar ry. Een van die ouers lok die donkie met ’n wortel.



Marius se familie se orkes speel ’n spesiale liedjie vir die donkieryers: “Die donkie is ’n wonderlike ding”. Almal dans en sing lekker saam. Meneer Rust praat oor die mikrofoon sodat al die mense hom kan hoor: “Dit is die grootste en lekkerste markdag wat Laerskool Klaradyn nog ooit gehad het.” Almal klap hande. Die hoof kondig aan: “Tim in graad drie, jy het die langste op die donkie se rug gebly. Baie geluk!”

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

Almal wil weet wie die prys gewen het om see toe te gaan. Meneer sê: “Ons sal Dinsdag aankondig wie gewen het. Ons moet eers die geld tel en kyk wie die meeste wins gemaak het. Baie dankie aan almal wat gehelp het.” Ek is baie trots om die skoolhoof van so ’n wonderlike skool te wees. Al die kinders en ouers begin oppak en skoonmaak. Dit was ’n heerlike markdag.



Dinsdagoggend breek aan. Die leerders kan nie meer wag om te hoor wie die uitstappie see toe wen nie.  Meneer Faust praat uiteindelik na pouse met die kinders: “Mense het vir die koerante geskryf oor ons lekker markdag. Nou wil baie kinders van ander dorpe volgende jaar na Klaradyn toe kom. Dit verseker genoeg geld dat die skool nog langer kan oop bly. Ons beplan om ’n koshuis te bou vir die kinders wat van ver af kom.” Die hele skool sing: “Kla-ra-dyn! Kla-ra-dyn! Kla-ra-dyn!” “Nou wil julle seker graag weet wie see toe gaan,” sê Meneer.




EXTRACT PAGES



Meneer terg die kinders. "Die groep wat gewen het is ... wie nou weer?" Dan sê hy: "Die wenners is juffrou Gouws se klas!" Die hele skool klap vir hulle hande. "Juffrou Gouws se klas gaan Vrydag see toe," sê meneer Rust. Dan: "En al die ander klasse gaan Saterdag en Sondag!" Dit klink of die skool se dak gaan lig.

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Wie het die langste op die donkie gebly?
2. Wie het toe die uitstappie see toe gewen?
3. Wat was Marius se bydrae tot die markdag?

# Die ruilwinkel



EXTRACT PAGES

“Ek dra die bottels en jy die blikkies,” sê Ryna. Tillie sê: “Moenie vir ander vertel van daardie plek nie. Almal gaan dan agter die fabriek soek.” Toe John hulle sien, roep hy van ver af: “Wie se sakke het julle afgevat? Julle kon tog nie alles self optel nie.”

Tillie en Ryna steur hulle nie aan John nie. Hy het altyd iets te sê.

Hulle sleep die swaar sakke tot by die ruilwinkel.

“Julle het darem baie blikke en bottels opgetel,” sê tannie Linda. “Julle doen beter as die groter kinders.”




Sandra is tannie Linda se dogter en sy help haar vandag.

“Middag, julle almal, kom ons begin. Kom ons maak die winkel oop,” sê tannie Linda.

Sy kyk na Ryna en Tillie se sakke:




“Julle kry een punt vir plastiek en drie punte vir glasbottels.”

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

"Ek sal julle help om die sakke op die bakkie te laai," sê tannie Sandra. "Julle sakke is baie vol vandag. Ryna, jy kry vyf punte en Tillie, jy kry sewe punte vir die blikkies." Tillie hou haar hande op en Ryna sit twee vingers by. "Tien, elf, twaalf," tel hulle. "Gaan gee nou julle sakke vir oom Samie," sê tannie Linda.




"Kom ons vat kleurpotlode dan gebruik ons dit saam. Dan koop ons elkeen nog 'n potlood," sê Ryna. "Ons het dan nog vyf punte oor," sê Tillie. "Ek vat 'n toiletrolletjie en dan kan jy 'n liniaal vat."

Almal gaan na die tafel toe met die sambreel. Vandag is daar lekker groentesop en 'n toebroodjie vir elkeen. Tannie Linda gesels met almal om te hoor hoe dit by die huis gaan.

EXTRACT PAGES

